Downloaded from Stanmorephysics.com



KZN DEPARTMENT VAN ONDERWYS

GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL

NOVEMBER EKSAMENS - 2016

AFRIKAANS - EAT

VRAESTEL EEN – BEGRIPS; OPSOMMING; TAAL

| | |
|---|---|
| **GRAAD** | : 11 |
| **PUNTE** | : 80 |
| **TYDSUUR** | : 2 UUR |
| **DATUM** | : 03/11/16 |
| **EKSAMINATRISE** | : S. SUKHNANAN |
| **MODERATRISE** | : P. RAMJEE |

NAAM : ______________________________ GRAAD : _____

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 12 BLADSYE.

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE**

1. Hierdie Vraestel bestaan uit 3 Afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin elke Afdeling op 'n nuwe bladsy.
4. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
5. Skryf die voorletters van jou onderwyser/es op die eerste bladsy : SSu, ARa, SRe, PS, PR, SRP
6. Tydsindeling : Bestee omtrent 40 minute aan elke Afdeling.


## AFDELING A : LEESBEGRIP

### VRAAG EEN

Lees die onderstaande stuk noukeuring deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

### TEKS A – TYDSKRIFARTIKEL

WORD JY VINNIG KWAAD? PASOP!



1. Is jy een van daardie mense wat vinnig "snap" – jou humeur verloor en sommer net wil weghardloop? Pasop, sê kenners, jy moet leer om met hierdie emosie saam te werk.

2. Om kwaad te word, is nie verkeerd nie, en dit is 'n gesonde deel van elke mens se lewe. Hoe jy kwaad word, is egter soms verkeerd. Kwaad word en woede is emosies en emosies is unieke reaksies op gebeure of interaksies met mense of jou omgewing wat aangenaam of onaangenaam ervaar word. Jou emosies is hóé jy met alles rondom jou kommunikeer – dit is dus baie belangrik om te leer hoe om jou emosies, veral jou woede, te beheer.

3. "Woede is 'n sekondêre reaksie," sê Ronel du Toit, voorligtingsielkundige by die Universiteit van Pretoria, "jy moet kyk wat lê agter jou woede". Dit is algemeen onder tieners dat hul woede opgekrop word – jy sluk jou kwaai gevoelens keer op keer totdat dit só in jou opbou dat jy jou oorgee aan woede. "Dit is belangrik dat jy agterkom wat jou kwaad maak en dit daar en dan te konfronteer. Moenie laat dit binne-in jou opbou nie – jy gaan nie jou reaksies daarna kan keer nie," sê Du Toit.

4. Daar is menigte situasies wat 'n mens kwaad maak – en as 'n sneller optree vir woede. Jy kan dit gewoonlik met 'n "ek-boodskap" verduidelik:
   - Ek is kwaad
   - Ek voel verneder
   - Ek word gedreig
   - Ek word seksueel misbruik
   - Ek voel magteloos omdat ...

   Let op wanneer jy kwaad raak, en wanneer jy woedend raak – wanneer 'snap' jy die vinnigste? Jy sal gewoonlik 'n patroon begin raaksien. Is dit omdat jy honger of dors is? Of irriteer 'n spesifieke situasie jou altyd? Dalk stres jy oor volgende week se eksamen.

Blaai om ...

5. "Wanneer jy die snellers identifiseer en raaksien, kan jy probeer om dit te vermy," sê Du Toit. Jy moet versigtig wees wanneer jou kwaai-emosies oorgaan na woede. "Dan skop jou veg, vlug of vries-reaksie in en jy kan nie meer logies dink nie. 'n Woorde-oorlog ontstaan dan en dit moet jy vermy, want in 'n oorlog is daar altyd 'n verloorder."

6. "Onthou dat jy altyd 'n keuse het," sê Du Toit, "Jy kan fisies baklei, weghardloop, in trane uitbars, die persoon sleg sê, iemand kry om jou te help, ensovoorts. Of jy kan selfgeldend reageer en die situasie probeer oplos. Dit kan slegs gedoen word deur 'n oop en eerlike gesprek te voer met die ander persoon." Jy moet altyd probeer om die vrede te bewaar – hetsy die konflik met jou ouers, onderwyser of vriend is.

7. As jy sukkel met woede-uitbarstings of voel dat jy gereeld uitermatig kwaad word, is dit 'n goeie idee om met 'n onderwyser of sielkundige daaroor te gesels. Hulle kan jou leer hoe om die woede te beheer en anders op te tree in die situasies wat jou laat oorkook.

[Verwerk uit *Jip*, 8 September 2012]

**VRAE :**

1.1 Haal EEN woord uit die opskrif aan wat gebruik word om 'n mens te waarsku. [1]

1.2 Kies die korrekte antwoord tussen hakies en skryf net die korrekte letter en antwoord neer.

1.2.1 Die woord "snap" in par.1 beteken :

A. Kwaad word

B. Bly word

C. Opgewonde word [1]

1.3 Sê of die volgende stelling "Waar" of "Onwaar" is.

1.3.1 Dit is 'n sonde (sin) om kwaad te wees. [1]

1.3.2 Haal 'n deel van 'n sin uit par.2 aan om jou antwoord te motiveer. [1]

1.4 Hoekom moet jy leer hoe om jou emosies te beheer? [1]

1.5 Watter raad gee Ronel du Toit aan mense wat gou woedend word? (Par.3) [2]

1.6 Volgens Ronel wat gaan gebeur as jy nie jou woede konfronteer nie. [2]

1.7 Daar is baie situasies wat as 'n sneller optree vir woede. Noem 2. [2]

1.8 Hoekom is dit belangrik om 'n woorde oorlog te vermy? [2]

1.9 As 'n mens woedend raak, kan dit DRIE reaksies veroorsaak.
1.9.1 Haal 'n DEEL van 'n sin uit par.5 aan om die stelling te motiveer. [3]

1.10 Wie is die TWEE PROFESSIONELE (volgens par.7) wat 'n mens met jou woede kan help. [2]

1.11 Sê of die woord "OORKOOK" in die laaste paragraaf 'n FIGUURLIKE of LETTERLIKE betekenis het. Motiveer jou antwoord. [1]


1.12 Hoe behandel jy jou emosies as jy kwaad word? [1]

**[20]**

**VRAAG TWEE - GRAFIEK : REISTYD EN PARKERING**

Bestudeer die grafieke hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS B**




[Verwerk uit grafika24.com]

**<u>VRAE</u> :**

2.1 Hoekom is die prent van die horlosie gepas by die eerste grafiek? [1]

2.2 Wat is die persentasie mense wat die langste neem om tussen hulle huis en werkplek te ry? [1]

2.3 Sê of die volgende stelling "Waar" of "Onwaar" is.

2.3.1 Al die mense is by hulle huis of by hulle werkplek binne 'n uur. [1]

2.3.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. [1]

2.4 Sou jy sê dit is makliker om inligting in 'n grafiek formaat te kry of in 'n woord teks te kry. Gee 'n rede vir jou antwoord. [1]

2.5 Hoekom is die prentjie van 'n motor toepaslik in die tweede grafiek? [1]

2.6 Watter persentasie mense is ontevrede met hulle parkeerplek by die werk. [1]

2.7 Sê 'Ja' of 'Nee'. Is die meeste mense ongelukkig oor hulle parkeerplek? Gee 'n rede vir jou antwoord. [2]

2.8 Hoekom dink jy dit is belangrik dat mense tevrede met hulle parkeerplek moet wees? [1]

**[10]**

## AFDELING B

## VRAAG DRIE – OPSOMMING

Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES**

1. Som die SEWE dinge om jou beter te laat voel, in jou eie volsinne op.
2. Skryf die dinge PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die dinge van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**SEWE DINGE OM JOU BETER TE LAAT VOEL**

Voel jy soms dat die lewe vir jou te veel is? Daar is heelwat dinge wat 'n mens kan doen om jou beter te laat voel.

Dis altyd 'n plesier om na 'n lang tyd weer kontak te maak met 'n familielid of ou vriend. Tel die foon op en bel hulle. Om so bande met mense te herbou, laat jou altyd beter voel.

Daar is baie dinge wat 'n mens uitstel, soos om 'n tandartsafspraak te reël of jou klerekas reg te pak. Doen hierdie dinge dadelik, want dit tap jou energie as jy die hele tyd weet daar is nog take wat wag.

Die meeste mense hou daarvan om lekker dinge in die lewe te doen. Maak tyd in jou dagboek om weer 'n keer iets lekkers te doen, want dit sal jou laat beter voel.

Wanneer jy aan die begin van jou dag iets positiefs gedoen het, motiveer dit jou vir die res van die dag. As jy die eerste uur van die dag met negatiewe dinge besig is, is die res van jou dag sleg.

Studies bewys dat mense wat lief is vir fisiese kontak, meer goedvoel-hormone het. Jy sal minder stres ervaar en beter voel as jy vir jou geliefdes drukkies gee.

Om oefening in jou daaglikse program in te bou, is maklik. Klim byvoorbeeld die trap in die winkelsentrum of help om die huis skoon te hou. Oefening gee ekstra energie!

As 'n mens dinge vir ander mense doen sonder om iets terug te verwag, sal jy altyd goed oor jouself voel.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 5 Februarie 2015]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C – TAAL

### VRAAG VIER – ADVERTENSIE

Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS D**




**VRAE :**

4.1 Wie is die adverteerder IN HIERDIE ADVERTENSIE? [1]

4.2 Noem TWEE MANIERE hoe die woord "SPURFEK" beklemtoon word? [2]

4.3 Gee EEN WOORD vir die woord tussen hakies.
Die spesiale aanbod kom voor (elke maand). [1]

4.4 Verdeel die volgende woord in lettergrepe SPURFEK. [1]

4.5 Gee die vergrotende trap van die woord tussen hakies.
Die prent laat die kos (lekker) lyk. [1]

4.6 Is die volgende stelling 'n feit of 'n mening. Motiveer jou antwoord.
Die ribbertjies, hoender en calarmari van Spur is die heerlikste kos ooit. [1]

4.7 Vul die ontbrekende voornaamwoord in.
'n Mens sal mos ______ lippe aflek. [1]

4.8 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.
"lippe aflek" in hierdie advertensie beteken dat die kos (lekker / vetterig) is. [1]


4.9 Skryf die getal tussen hakies as 'n woord.
Jy moet (90) rand hê om die kos te koop. [1]

**[10]**

**<u>VRAAG VYF – STROKIESPRENT</u>**

Lees die volgende strokiesprent aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Verwerk uit thecomicstrips.com]

**VRAE :**

5.1 Beskryf die seun se gesigsuitdrukking in Raampie 1. [1]

5.2 Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD.
Die Pa bestuur die motoer. [1]

5.3 Wat is die funksie van die Stippels (...) in Raampie 4? [1]

5.4 Gee die korrekte Afrikaans woord vir "BYE" in Raampie 5. [1]

5.5 Skryf die volgende sin oor in die INDIREKTE REDE.
Die pa sê : "Dit is nog ver skool toe." [1]

5.6 Rangskik die volgende sin in die korrekte WOORDORDE en skryf die sin uit.
Die pa het hom (ver van die skool af / vanoggend / vining) afgelaai. [1]

5.7 Gee die AFKORTING van die woord tussen hakies.
(Asseblief) klim net terug in die motor. [1]

5.8 Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNENDE VORM.
Die seun wil saam met sy Pa gesien word. [1]

5.9 Sê hoekom Raampie 6 baie snaaks is. [1]

5.10 Verander die stelsin na 'n vraagsin.
Die seun is nog ver van die skool af. [1]

**[10]**

**VRAAG SES**

Die Taalvrae wat volg is op die volgende artikel gebaseer. Daar is opsetlike foute wat kom voor. Voer die instruksies uit.

**TEKS F**

(6.1) SKOOLSEUN HET REKENAARS VIR SIEK KINDERS GEKOOP

**Dit het alles begin met sy (6.2) (liefde/liewe) vir rekenaars en ander mense.**

Die agtienjarige Bennie van Eeden kry nie sakgeld nie, maar (6.3) (hy het twee rekenaars gekoop) en weggegee aan die kinderhospitaal vir kankerlyers.

Hy het geld gespaar wat hy verdien het deur vakansies te werk en hy het ook wiskunde-olimpiades gewen.

(6.4) (Dit is maar net die begin.) (6.5) (Hy is 'n matriek leerling van die Wes-Kaap.)

Woensdag is sy eie organisasie gestig om kinders te help. Dit is die Bennie-stigting en vorm deel van CHOC (Childhood Cancer Foundation South Africa).

(6.6) (My hart gaan uit na siek kinders.) (6.7) (Ek het rekenaars begin soek. Ek wou hulle motiveer.)

"My pa het gesê dit is die (6.8) (briljant) plan," sê Bennie.

Hy het die CHOC-vereniging genader met sy idee om rekenaars vir kankerlyers beskikbaar te stel terwyl hulle terapie ondergaan. Hy noem dit die Touch My Life-projek.

(6.9) (Bennie sê dat sy doel is om hierdie projek by elke staatshospitaal te begin.) "Ek wil kinders help (6.10) (om te oorwin) hulle siekte."

(6.11) (Borge het hom nog geïgnoreer.) Iemand het die tafels en kaste vir die rekenaars geskenk. Hy wou soms (6.12) (tou opgooi), maar sy familie het hom geïnspireer.

**VRAE :**

6.1 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.
Skool seun het rekenaars vir siek kinders gekoop. [1]

6.2 Kies die korrekte woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.
Dit het alles begin met sy (liefde / liewe) vir rekenaars en ander mense. [1]

6.3 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.
Hy het twee rekenaars gekoop. [2]

6.4 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.
Dit is maar net die begin. [1]

6.5 Verbeter die SPELFOUT in die volgende sin.
Hy is 'n matriek leerling van die Wes-Kaap. [1]

6.6 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.
My hart gaan uit na siek (kinders). [1]

6.7 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.
Ek het rekenaars begin soek. Ek wou hulle motiveer (omdat). [1]

6.8 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.
My Pa het gesê dit is die (briljant) plan. [1]

6.9 Skryf die volgende sin oor in die DIREKTE REDE.
Bennie sê dat sy doel is om hierdie projek by elke hospital te begin. [2]

6.10 Verbeter die sin deur die INFINITIEF tussen hakies korrek te gebruik.
Ek wil kinders help (om te oorwin) hulle siekte. [2]

6.11 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.
(Borg) het hom nog geïgnoreer. [1]

6.12 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.
Die UITDRUKKING (**tou opgooi**) beteken.
A. Hy will nie aanhou nie.
B. Hy wil die projek voltooi. [1]


**[15]**

## VRAAG SEWE

Bestudeer die volgende prent en voltooi die paragraaf deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Gebruik die woorde van die WOORDE BLOK.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Om, | stert, | vir, | Eina!, | maeg, |
| sterk, | Sjoe!, | voorskoot, | hoed, | maag |

**TEKS G**



[Uit: www.dreamonline.com]

Die hele gesin is lief (7.1) braaivleis. Ma het 'n pragtige (7.2) aan. Wagter, die hond swaai sy (7.3) want hy hou van vleis. Pietie se (7.4) grom van hongerte. (7.5) maar dit was 'n lekker braaivleis.

**[5]**

**GROOTTOTAAL : [80]**

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. MR S K PANDAY

**MEMO**

**AFRIKAANS - GRAAD 11**

## AFDELING A

### VRAAG EEN

1.1 Pasop! [1]
1.2 A [1]
  1.3.1 Onwaar [1]
  1.3.2 "is nie verkeerd nie" [1]
1.4 Jy gebruik jou emosies met alles te kommunikeer. [1]
1.5 Vind uit wat jou kwaad maak en konfronteer dit. [2]
1.6 Dit kan binne jou opbou en dan kan jy nie jou reaksies keer nie. [2]
1.7 Kwaad, verneder, gedreig, seksueel misbruik, magteloosheid, honger, dors, stress (enige 2) [2]
1.8 Daar is altyd iemand wat gaan verloor. [2]
1.9 Veg, vlug of vries reaksies. [3]
1.10 Onderwyser, sielkundige [2]
1.11 Figuurlike – oorkook verwys na woede nie om iets te kook nie. [1]
1.12 Praat, luister na musiek, gaan stap, aanvaar leerders se antwoord. [1]

### VRAAG TWEE

2.1 Dit verwys na tyd. [1]
2.2 22% [1]
  2.3.1 Onwaar [1]
  2.3.2 22% neem langer as 'n uur / 60 minute. [1]
2.4 Ja – woorde is moeilik om te verstaan.
Nee – Is verwarrend (aanwaar toepaslike antwoorde) [1]
2.5 Verwys na reis en parkering. [1]
2.6 25% [1]
2.7 Nee, 52% is tevrede met hulle parker plekke. (Een punt vir rede.) [2]
2.8 Hulle voel veilig / As jy 'n noodval het gaan jy weggaan / Die motor sal nie berhadig word nie. [1]

## AFDELING B

## VRAAG DRIE

1. Bel jou vriende of familie / maak kontak met hulle / herbou verhoudings.
2. Doen die dinge wat jy gewoonlik uitstel.
3. Maak tyd om iets lekker te doen.
4. Begin die dag met iets positiefs.
5. Gee jou geliefdes drukkies want dit sal jou stres verminder.
6. Bou oefening in jou daaglikse program.
7. Doen dinge vir ander mense sonder om iets terug te verwag.

[10]

## VRAAG VIER

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Spur | [1] |
| 4.2 | Hoof letters / Vetgedrukte | [2] |
| 4.3 | Maandeliks | [1] |
| 4.4 | Spur / FEK | [1] |
| 4.5 | Lekkerder | [1] |
| 4.6 | Mening – Dit is hoe die adverteerder voel / dink ens. | [1] |
| 4.7 | Jou | [1] |
| 4.8 | Lekker | [1] |
| 4.9 | Negentig | [1] |

## VRAAG VYF

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Geskok / verbaas | [1] |
| 5.2 | Die Pa het die motor bestuur. | [1] |
| 5.3 | Meer om te sê / Nie klaar met wat hy wil sê nie. | [1] |
| 5.4 | Totsiens | [1] |
| 5.5 | Die pa sê dat dit nog ver skool toe is. | [1] |
| 5.6 | Vanoggend / vining / ver van die skool af | [1] |
| 5.7 | Asb. | [1] |
| 5.8 | Die seun wil nie saam met sy Pa gesien word nie. | [1] |
| 5.9 | Die Pa sê kleregedrag. | [1] |
| 5.10 | Is die seun nog ver van die skool af? | [1] |

## VRAAG SES

6.1 Skool seun [1]
6.2 Liefde [1]
6.3 Twee rekenaars word deur hom gekoop. [2]
6.4 Dit sal maar net die begin wees. [1]
6.5 Matriekleerling [1]
6.6 Kindertjies / kindjies [1]
6.7 Ek het rekenaars begin soek omdat ek hulle wou motiveer. [1]
6.8 Briljantste [1]
6.9 Bennie sê : "My doel is om hierdie projek by elke hospitaal te begin. [2]
6.10 Ek wil kinders help om hulle siekte te oorwin. [2]
6.11 Borge [1]
6.12 A [1]

## VRAAG SEWE

7.1 Vir
7.2 Voorskoort
7.3 Stert
7.4 Maag
7.5 Sjoe!

[5]

**GROOTTOTAAL : [80]**